# Die virus van formalisme

Laat ons teen wettissme gewaarsku wees wat hom kan voordoen in vervanging van die ware vroomheid wat liefde tot God en die naaste is.

U het waarskynlik ook al meermale in 'n vergadering ondervind dat, volgens aankondiging van die voorsitter, daar met Skriflesing en gebed geopen word. Natuurlik is daar veel ten gunste van hierdie gebruik onder ons Afrikanermense te sê. Wanneer dit egter daarop neerkom dat van die Bybel en die gebed in 'n gedagtelose roetine 'n soort van blote gebruiksartikels gemaak word, is dit 'n ander saak.

Ons lees in 1 Samuel 4 dat toe Israel in 'n oorlog deur die Filistyne verslaan is, hulle van die verbondsark so 'n gebruiksartikel gemaak het. Die ark is van Silo af gaan haal en na die slagveld toe gebring dat (so staan dit daar geskrywe) "dit by ons kan wees om ons te red uit die greep van ons vyande". Vers 5 lui dan so: "Toe die verbondsark van die Here in die laer kom, het die hele Israel so hard geskreeu dat die aarde weergalm het." In die geveg wat hierna plaasgevind het, is Israel weer 'n verpletterende neerlaag toegedien en is die ark van God deur die Filistyne as buit weggevoer. Israel was verbysterd. Hulle het gemeen die ark sal hulle verlos. Hulle het die besondere betekenis van die ark vervals. 'n Towerkrag is daaraan toegeskrywe. Hulle verdraaide godsdiens was die oorsaak dat hulle verslaan is. Dit was niks anders as 'n uitwendige vormgodsdiens nie.

Dit blyk dat sekere godsdienstige seremonies en simbole, al is hulle selfs oor geslagte heen ingegroef, nie te hoog aangeslaan mag word nie. Ons mag ons nie blind staar teen dinge wat nie die essensie is nie. Israel het in die ark geglo terwyl sake tussen hulle en die Here nie in orde was nie. Hulle was in die krisisuur, met al die gejubel rondom die ark, nie deur die geloof stewig in God geanker nie. Hulle het die band tussen die Here en die ark meganies opgeneem. Die benadering was: laat ons die ark bring, dan bring ons God ook. Hulle wou die ark as middel gebruik om 'n oorwinning af te dwing. As die ark as heilige teken by hulle op die slagveld was, het hulle ten onregte gemeen dat God dan noodwendig ook teenwoordig was.

## Koue vormelikheid

Die gevaar bedreig ons ook dat ons aan uiterlike vorme kan vasklem terwyl ons die innige lewensgemeenskap met God deur ons Here Jesus Christus mis. Die godsdienstige lewe kan só ongemerk stol tot koue vormelikheid. Satan kan selfs die regsinnigste mens laat verstar in dooie ortodoksie. Hy wat hom met sy dooie konserwatisme in sy regsinnigheid gaan verhef, ontpop voordat hy baie ouer geword het, as 'n deurtrapte fariseër. Hy ly dan aan 'n vorm van geestelike ouderdomsverkalking ('n woord van wyle prof. S. J. van der Walt). Hierdie sleurvroomheid sonder werklike diepgang, gaan op in 'n religieuse skyn. Van lewende beginsels word 'n dooie verstandskema gemaak, wat die lewe vermoor in plaas van te dien. Daar bly dan geen teken oor van die soepel gespierdheid van 'n kragtige en brandende geloofslewe nie. Ons staan dan saam met Israel op die slagveld teen die Filistyne, ook van hierdie eeu, sonder die warm besieling van 'n lewende geloof in en die persoonlike gemeenskap met God. Dit is absoluut fataal vir die strydende kerk!

Laat ons teen wettisisme gewaarsku wees wat hom kan voordoen in vervanging van die ware vroomheid wat liefde tot God en die naaste is. Dit beteken geensins dat ons in beginselloosheid moet verval nie. Ons moet net onthou dat alle beginsels suiwer uit die Heilige Skrif geput moet word en in 'n innige geloofsgemeenskap deur die lewende Christus gedra moet word. Dink aan die woorde: "die lewe is vir my Christus . . ." (Filippense 1 : 21). Dan sal ons gevrywaar wees van 'beginsels' wat in dooie starheid ons lewe wil bepaal, en dogmas wat niks anders as dorre

verstandsabstraksies is nie. Mag ons bewaar word vir die verstarring tot 'n dooie ortodoksie en vir die virus van 'n siellose formalisme.

PJ Coetzee

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za